

VILLA PELUZZI REGSPERSOON / BODY CORPORATE

6 September 2011

Aan alle Eienaars/Huurders

Eenheid.....
VILLA PELUZZI

Geagte Inwoner

Die trustees wil graag die volgende onder u aandag bring:

PARKERING

Daar was reeds voorheen verskeie omsendbriewe uitgestuur oor parkering.

Voertuie moet binne die gemerkte witstrepe wat parkering aandui parkeer word.

Enige voertuig wat nie tussen die gemerkte lyne parkeer nie en alle voertuie wat ander inwoners se toegang of uitgang van die motorhuis versper, sal in die toekoms summier weggesleep word.

Aangeheg is 'n afskrif van die toepaslike wet vir u kennisname.

Dankie vir u samewerking.

Vriendelik die uwe



CB VAN STADEN
HOOFBESTUURDER
/cd

6 September 2011

To all Owners/Tenants

Unit.....
VILLA PELUZZI

Dear Resident

The trustees would like to bring the following to your attention:

PARKING

Several circular letters were sent out regarding parking.

Vehicles should be parked inside the demarcate areas, marked with white lines.

Any vehicles parked outside these white lines and all vehicles parked in an area, which obstruct other resident's garage entrances, will be towed away, without notice.

Attached is a copy of the relevant act for your attention.

Your co-operation is appreciated.

Yours faithfully



CB VAN STADEN
GENERAL MANAGER

Aanhangsel 9

GEDRAGSREËLS

[Artikel 35(2)(b) van die Wet op Deeltitels, 1986]

Diere, reptiele en voëls

1. (1) 'n Eienaar of bewoner van 'n deel mag nie sonder die skriftelike toestemming van die trustees enige dier, reptiel of voël in 'n deel of op die gemeenskaplike eiendom aanhou nie, en sodanige toestemming word nie sonder goeie rede weerhou nie.

(2) Wanneer die trustees sodanige toestemming verleen, kan hulle enige redelike voorwaardes stel.

(3) Die trustees kan sodanige toestemming terugtrek indien enige voorwaarde opgelê kragtens subreël (2), verbreek word.

Vullisverwydering

2. (1) 'n Eienaar of bewoner van 'n deel moet—

- (a) in sy deel of sy uitsluitlike gebruiksgedebied of op 'n deel van die gemeenskaplike eiendom skriftelik deur die trustees vir dié doel aangewys, in 'n higiëniese en droë toestand 'n houer vir vullis hou;
- (b) verseker dat vullis voordat dit in die houer geplaas word, goed toegedraai is of, in die geval van blikke en ander houers, dit vry van vloeistof is;
- (c) die houer, vir die doel van vullisverwydering, plaas op die plek en op die tye soos deur die trustees bepaal;
- (d) wanneer die vullis verwyder is, die houer onmiddellik terugneem na sy deel of die ander plek in paragraaf (a) bedoel.

Voertuie

3. (1) Geen eienaar of bewoner mag sonder die skriftelike toestemming van die trustees 'n voertuig op die gemeenskaplike eiendom parkeer of laat staan, of toelaat dat 'n voertuig op die gemeenskaplike eiendom parkeer of laat staan word nie.

(2) Die trustees mag enige voertuig wat sonder hulle toestemming op die gemeenskaplike eiendom geparkeer is, daarop staan of daarop geabandonneer is, op die koste en risiko van die eienaar daarvan laat verwyder of wegsleep.

(3) Eienaars en bewoners van dele moet sorg dat hulle voertuie en die voertuie van hulle besoekers en gaste nie olie of remvloeistof op die gemeenskaplike eiendom drup of die gemeenskaplike eiendom op enige ander wyse skend nie.

(4) Geen eienaar of bewoner word toegelaat om op enige gedeelte van die gemeenskaplike eiendom, 'n uitsluitlike gebruiksgedebied of 'n deel enige voertuig uitmekaar te haal of groot herstelwerk daaraan te doen nie.

Annexure 9

CONDUCT RULES

[Section 35(2)(b) of the Sectional Titles Act, 1986]

Animals, reptiles and birds

1. (1) An owner or occupier of a section shall not, without the consent in writing of the trustees, which approval may not unreasonably be withheld, keep any animal, reptile or bird in a section or on the common property.

(2) When granting such approval, the trustees may prescribe any reasonable condition.

(3) The trustees may withdraw such approval in the event of any breach of any condition prescribed in terms of sub-rule (2).

Refuse disposal

2. (1) An owner or occupier of a section shall—

(a) maintain in an hygienic and dry condition, a receptacle for refuse within his section, his exclusive use area or on such part of the common property as may be authorised by the trustees in writing;

(b) ensure that before refuse is placed in such receptacle it is securely wrapped, or in the case of tins or other containers, completely drained;

(c) for the purpose of having the refuse collected, place such receptacle within the area and at the times designated by the trustees;

(d) when the refuse has been collected, promptly return such receptacle to his section or other area referred to in paragraph (a).

Vehicles

3. (1) No owner or occupier shall park or stand any vehicle upon the common property, or permit or allow any vehicle to be parked or stood upon the common property, without the consent of the trustees in writing.

(2) The trustees may cause to be removed or towed away, at the risk and expense of the owner of the vehicle, any vehicle parked, standing or abandoned on the common property without the trustees' consent.

(3) Owners and occupiers of sections shall ensure that their vehicles, and the vehicles of their visitors and guests, do not drip oil or brake fluid on to the common property or in any other way deface the common property.

(4) No owner or occupier shall be permitted to dismantle or effect major repairs to any vehicle on any portion of the common property, an exclusive use or in a section.